Lumber City is aan'te groei - 5 Desember 2015

Dawie en Johanna Hechter het weer na ±3 jaar hulle Lumber City in **Trichardt** oopgemaak. Dis 'n wonderlike "klein" winkeltjie met niks minder a 3 paneelsae en 3 edging masjiene nie. Hulle is druk besig in hierdie "cut en edge" winkel in Trichardt, terwyl hul vervaardigingsfabriek in Secunda spog met 'n post formed top- en wrapdeuraanleg asook 2 x 4kop moulders waar allerhande mouldings self gemaak word. Moenie praat van die fantastiese gelamineerde denneplanke wat daar vervaardig word nie.
Victor van Wyk in **Nigel** se deure maak 3 Februarie 2016 oop. Hy is alreeds in die installeringsbedryf.
Lumber City **Welkom** sal oor die Desember vakansie intrek in hul nuwe gebou en verwag ook om rondom Februarie oop te maak.

Trichardt se vooraansig

Nigel se naambord is al op

Trichardt se masjienkamer